Aanhangsel I

SKEDULE VAN DIENSTE – DIE OOG AFTREE LANDGOED

Dienste sal op ‘n gelyke standaard en in sekere gevalle op ‘n hoër standaard as in die huidige oord voorsien word.

Alle dienste word as interne dienste hanteer en daar word vervolgens geen dienste aan die Plaaslike Owerheid oorgedra nie.

1. Siviele dienste

1.1 Riool

Riool sal inskakel by die bestaande rioolnetwerk van die skema.

1.2 Water

Water word uit die bestaande opgaardamme op dieselfde wyse en standaard as in die bestaande oord, by wyse van algemeen aanvaarde pypleidings, voorsien.

1.3 Paaie

Toegang na die eenhede sal by wyse verskillende wydtes geplaveide paaie met randstene soos aangedui op die terreinontwikkelingsplan na die eenhede voorsien word.

1.4 Stormwater

Die hantering van stormwater sal by wyse van oppervlak vloei op die geplaveide pad hanteer word, met uitvloeie soos benodig.

2. Elektries

Die eenhede sal aansluit by die bestaande elektrisiteitsnetwerk van die skema.